higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT: MULTIDISSIPLINÊRE TEKENKANTOORPRAKTYK

REKENAARGESTEUNDE TEKENWERK

(6010035)

29 November 2017 (X-Vraestel)
09:00–12:00

TOEBOEKEKSAMEN

BENODIGDHEDE: A4-tekenvelle
Dekvouer (BOE 8/15)

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye, 2 diagramblaaie, 1 inligtingsblad en 1 antwoordblad.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT:
MULTIDISSIPLINÊRE TEKENKANTOORPRAKTYK
REKENAARGESTEUNDE TEKENWERK
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Beantwoord slegs VRAAG 1 op die ANTWOORDBLAD (aangeheg). ALLE ander vrae moet op A4-TEKENVELLE beantwoord word. MOENIE A3-TEKENVELLE GEBRUIIK NIE.

5. Gebruik slegs EEN kant van die TEKENVEL om die antwoorde te plot of te druk.

6. Plot of druk elke tekening op 'n afsonderlike TEKENVEL.

7. Die VRAAGNOMMER moet in die boonste linkerhoek van elke TEKENVEL verskyn.

8. ALLE kandidaatinligting moet in die titelblok aangebring word.

9. Verskaf elke TEKENVEL van 'n raam.

10. Teken ALLE tekeninge op die gegewe skaal.

11. Gebruik jou diskresie waar afmetings NIE gegee word nie.

12. Plot of druk jou eie tekeninge.

13. Handhaaf 'n gebalanseerde uitleg. Kandidate moet goed beplan om punte te verdien.

14. Plaas alle los TEKENVELLE en die ANTWOORDBLAD in die dekvouer (BOE8/15). MOENIE die bladsye kram nie.

15. Werk netjies.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Beantwoord die volgende vrae op die ANTWOORDBLAD (aangeheg). Skryf jou EKSAMENNOMMER in die ruimte wat aan die bokant van die bladsy voorkom.

1.1 Verduidelik elkeen van die volgende terme kortliks:

1.1.1 Vouer

1.1.2 Bedryfstelsel

1.1.3 Segment

(3 × 1) (3)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.2) op die ANTWOORDBLAD (aangeheg) neer.

opneem; hoëdefinisie-video; grafiese simbool

1.2.1 'n Ikoon is 'n ... vir 'n toepassing, lêer of vouer. (1)

1.2.2 Blu-ray is vir die ... en terugspeel van ... en die stoor van groot hoeveelhede data ontwikkel. (2)

1.3 Skryf elk van die volgende akronieme voluit:

1.3.1 HDMI

1.3.2 DVD+R

(2 × 2) (4)

[10]

VRAAG 2: ALGEMENE EN MEGANIESE TEKENWERK

FIGUUR 1, DIAGRAMBLAD 1 (aangeheg), toon 'n sperrat wat in skuins projeksie (kabinetmetode) geteken is.


Maak 'n halfgrootte dwarsvormtekening ('landscape-orientated') van die gegewe aansig. Sluit ALLE afmetings in. **[25]**

VRAAG 3: STRUKTUURSTAALDETAILLERING

Die belangrikste funksie van 'n struktuurstaaldetailleerder is om duidelike en presiese detail van verskeie dele van 'n staalstruktuur te teken. FIGUUR 2 toon die tipiese detail aan die hiel van 'n dakkap wat aan die bopunt van 'n kolom vasgeheg is Die helling van die dak is 25°.

Gebruik die volgende spesifikasies en teken die voltooide detail op skaal 1:10:

Dakspar wat A gemerk is:	100 × 75 × 10 gewalsde staalprofiel
Boutgate:	VYF gate wat eweredig op hartafstand van 100 mm en kantafstande van 35 mm gespasieer is
Bindbalk wat B gemerk is:	90 × 65 × 10 gewalsde staalprofiel
Boutgate:	DRIE gate wat eweredig op hartafstand van 100 mm en kantafstand van 35 mm gespasieer is



FIGUUR 2

Die voltooide tekening moet ALLE etikette, deursnee-arsering en 'n titel insluit. **[20]**

VRAAG 4: ELEKTRIESE TEKENWERK

FIGUUR 3, DIAGRAMBLAD 1 (aangeheg), toon a tipiese kringdiagram vir die uitleg van 'n huishoudelike bedradingstelsel.

Teken, NIE op skaal nie maar in goeie verhouding, 'n groot, netjiese tekening van die gegewe kringdiagram. Die voltooide tekening moet ALLE simbole en tabelle insluit. **[15]**

VRAAG 5: BOUTEKENWERK

FIGUUR 4, DIAGRAMBLAD 2 (aangeheg), toon 'n planaansig van 'n onvoltooide huisplanuitleg.


Teken die huisplanuitleg op skaal 1:100. Die voltooide aansig moet die volgende insluit:

- ALLE ontbrekende afmetings
- Venster soos aangedui (gebruik die staalvensterskedule op die INLIGTINGSBLAD (aangeheg) en sluit toepaslike vensters in waar GEEN vensterkodes aangedui is nie
- Deure na ALLE vertrekke (behalwe die aantrekkamer) asook die voor- en agterdeure
- Toebehore (fitments) in die TWEE badkamers **[30]**


TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou

DIAGRAMBLAD 1




FIGUUR 1



FIGUUR 3

DIAGRAMBLAD 2




FIGUUR 4

Kopiereg voorbehou

(6010035)

INLIGTINGSBLAD 1

STAALVENSTERSKEDULE



(Figures in brackets indicate light areas)

(Figure tussen hakies dui verligte areas aan)

Kopiereg voorbehou

ANTWOORDBLAD **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

VRAAG 1

Jy mag 'n pen of potlood gebruik.

1.1 1.1.1 _____

_____

1.1.2 _____

_____

1.1.3 _____

_____

(3 × 1) (3)

1.2 1.2.1 _____ (1)

1.2.2 _____ (2)

1.3 1.3.1 _____

1.3.2 _____

(2 × 2) (4)

[10]

VRAAG 1……../10 **VRAAG 4……../15**

VRAAG 2……../25 **VRAAG 5……../30**

VRAAG 3……../20

TOTAAL……/100 **……%**

Kopiereg voorbehou